# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**


**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 5 November 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds. Pieter van der Walt**

**Tema: Ware bekering: die poort na die nuwe lewe!**

In Hebreërs 3 en 12 word twee wesenselemente van bekering uitgelig:

1. Julle moet noukeurig let op Jesus.
2. Bekering is ‘n stryd om lewe en dood.

Bekering is God se roepstem terug na die regte pad. Dit is ‘n moeilike pad maar dit is die poort na die nuwe lewe in Christus.

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens:**
Lied 203:1, 2, 3

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied: Ps 84-1:1, 6; Votum; Seën; Loflied: Ps 33-1:2, 7 (Tweede melodie); Geloofsbelydenis: 12 Artikels;

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: Eksodus 20; Sing Ps 32-1:3 as antwoord op die wet; Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Hebreërs 12:1-13;
Teksverse: Heb 3:1; 12:1,2 (a) en 12:4;
Sing Ps 25-1:2, 7 (kleuters gaan na hul bediening);
Woordbediening; Sing Sb 2-4:3 as antwoord op die Woordbediening

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes; Sing Sb 8-1:1, 2; Wegstuurseën; Amenlied: Sb 13-2.

**18:00 AANDEREDIENS:**
**Ds Daan Bakker**

Paulus roep ons tot 'n lewe van eenvoud, om vergenoeg wees met wat jy het of ’n lewe van tevredenheid. Maar ’n lewe van tevredenheid staan nooit los van die gryp na wat enige iemand waarlik gelukkig maak nl. ’n lewe van Godsaligheid. Godsaligheid beteken dat jy

deur jou geloof in Jesus Christus in ’n verhouding met God geplaas is en jou geluk in jou dien van Hom vind. Jou hoogste geluk, vreugde en blydskap lê daarin dat jy deur Jesus Christus God se kind is en Hy jou Vader is wat jou baie lief het. Jou lewe is reeds vol omdat die Heilige Gees die kennis van God se liefde vir jou in jou hart uitgestort het. Met God se liefde wat jou as sy kind Sy erfgenaam gemaak het, is jy reeds die rykste mens op aarde, want jy besit die ewige lewe. Daarom is jou lewe nie ’n gryp na rykdom en wat geld alles vir jou kan koop om jou eie begeertes te bevredig nie. Jou lewe is ’n gryp na wat waarlik lewe is, nl. Die dien van God.

**TEMA: Gryp na ‘n blye en tevrede lewe in die Here.**

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Psalm 33-2: 1, 4, 7; Votum; Seën; Psalm 36-1:2, 3; Gebed

**Woorddiens**
Lees: 1 Timotius 6:6-21; Kernvers 1 Timotius 6:6
Sing Skrifb 17-1: 1, 2, 6; Woordbediening

**Antwoorddiens**
Gebed; Liefdegawes by deure; Lied 458:1, 2, 3; Seën; Sb 13-3.

## KOM ONS BID SAAM - November 2023

**Rom 15:30-32** *“Ek versoek julle dan dringend, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar. En as dit die wil van God is, sal ek vol blydskap na julle toe kom om ‘n tydjie by julle te rus”*

Onse Vader,

Help ons leraar(s) en elke ander gemeenteleiers (ouderlinge, diakens, kleingroepleiers) of leiers van ‘n bediening om oorwinnend te wees in die stryd rondom die bediening. Help my en ander in die gemeente om vir hulle te bid. Hou hulle veilig tussen ongelowiges wat hulle minag, en laat hulle bediening en diens aanneemlik wees in die gemeente sodat hulle vol blydskap kan wees en by ons verfrissing vind.

Help ons leraars en ander gemeenteleiers om onberispelik te wees. Help my ook om U voorbeeld na te volg en onberispelik in U oë te wees. **Heb. 13: 7, 17** - God verwag onberispelikheid van alle gelowiges.

Dankie vir nog ‘n geleentheid om as gemeente ‘n Kersmark te mag aanbied. Laat dit heel eerste wees om U Naam te verheerlik in ons bemarking, woorde en dade. Dankie vir elkeen se gawes wat U gee, beplanning en elke gelowige wat sy of haar gawes gaan aanwend tot voordeel van mekaar en die gemeenskap!

Laat U die eer ontvang!

Ons bid saam vir elkeen van U kinders wat geraak word deur die oorlog in Gaza en die Oekraine en vir wêreldleiers om met wysheid op te tree vir die wêreld, hulle lande en die mense wat hierdeur intens geraak word, hulle wat treur, kwaad is of vergelding soek. Laat ons saam uitroep: Kom Here Jesus, kom gou!

Help ons om elke broer en suster in ons gemeente wat swaar kry weens siekte, ouderdom, eensaamheid, finansiële laste op te dra in ons gebede aan U sorg en uitkoms soos wat dit U wil en besluit is! Ons loof U vir U wysheid, almag en ewigheid.

Ons loof en prys U Naam vir U gemeente, Potchefstroom-Oos!

In Jesus se Naam bid ons hierdie gebed, Amen.

**MEELEWING**

- Riekie Schutte word steeds in Medikliniek behandel vir longontsteking en dehidrasie.
- Marthie van der Walt sukkel al geruime tyd met ‘n vreemde en baie sensitiewe veluitslag wat geweldige ongemak veroorsaak.
- Mariaan du Plessis ervaar steeds baie pyn na haar knievervangingsoperasie en moet waarskynlik weer geopereer word.
- Andries du Plessis is tuis na sy kaak- en mondoperasie en hy ervaar groot uitdagings op sy pad na herstel.
- Anton Styger het ‘n oogoperasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Marthie Kruger se broer is verlede week oorlede.
- Kobus Venter het Vrydag ‘n tandoperasie ondergaan en sterk tuis aan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

**ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID**

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Rita Schutte, Hannatjie du Plessis en Andries du Plessis.

**ONS VERWELKOM VIR**

Pieter Deysel wat met attestaat van GK Cachet by ons aansluit. Hy woon in Borcherd House w/s 21, Groep 29.
Pieter gaan die hele volgende jaar (2024) as sesdejaar teologiese student sy prakties hier by ons in die gemeente doen. Dit is ‘n nuwe reëling dat die K6 jaar ‘n praktiese en akademiese jaar moet wees en ons is baie bly dat Pieter hier by ons sy praktiese ervaring kan opdoen en ook diensbaar wees in die gemeente.

**BAIE GELUK AAN**

- Anette de Villiers wat gister met Jannie van der Sluis in die huwelik getree het.
- Lienke Coetzee en Simoné Bezuidenhout wat as onderhoofdogters van Laerskool Mooirivier verkies is.

**BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK**

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Kleuterbediening
Katkisasie Les 22
Tee en koffie
Katkisasie afsluiting
15:30 “Griefshare”
18:00 Aanddiens
Ds Piet is die naweek uitstedig.

**Maandag**
18:00 Kersmarkkomitee vergader.

**Dinsdag**
06:00 Manne-ondersteuningsgroep

**Volgende Sondag**
Nagmaal en Nagmaalete

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Thusofonds (klein boks) Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 34 en 35.

## KATKISASIE-AFSLUITING

Ons katkisasieklasse sluit vandag af. Graag wil ons namens die gemeente al ons Kategete van harte bedank vir hulle dienswerk die afgelope jaar. Om Sondag na Sondag hier te wees en die kinders te begelei, verg baie toewyding en opoffering. As gemeente en ouers waardeer ons julle werk.

Naetta v Zyl - Gr 1
Sonja Olivier - Gr 2
Anneke Steenkamp - Gr 3
Christa v Zyl - Gr 4
Surina du Plessis - Gr 5
Leonard Haasbroek - Gr 6
Chris Storm - Gr 7
Hendrik vd Walt - Gr 8
Cindy du Plessis - Gr 9
Paul Smith - Gr 10
Gerrie v Deventer - Gr 11

Die meeste van die Kategete gaan ons volgende jaar weer help, maar Sonja Olivier kan nie weer help nie. Besondere dank aan haar!

<u>Reëlings vir vandag se afsluitingsfunksie van katkisante, kategete en ouers:</u>
Elke gesin bring eie wors om te braai, drinkgoed en eetgerei.

Na die diens en katkisasie sal ons vuur aansteek. Van ongeveer 12:00 af kan die kinders speel en ons gaan gesellig saam kuier. Dit gaan lekker informeel wees. Ons sal die weer dophou en in die saal inskuif as dit wel reën

## JEUGBEDIENING 2024: GESPREK MET OUERS OP SONDAG 19 NOV

Die Jeugdiensgroep wil graag op Sondag 19 Nov. na die erediens met al ons ouers praat oor ons planne vir die bediening aan ons jeug vir 2024. Ons wil graag al ons ouers se insae, voorstelle en ondersteuning hê.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 5 November**
Sr Rolene vd Walt

**Woensdag, 8 November**
Sr Sonja Booyens
Sr Renette de Klerk

**Donderdag, 9 November**
Br Jan Schutte * (Doornstr)

**Vrydag, 10 November**
Br Johan Rousseau

**Saterdag, 11 November**
Jbr Pieter Kruger
Sr Elize Schutte (De Land)
Sr Estie vd Westhuizen

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Mooirivier Kersmark

**KERSMARK: 23 NOVEMBER - 2 DESEMBER**

Oor 2 weke begin ons Kersmark. Ons het almal se hulp nodig! Daar is hulplyste in die voorportaal van die Skuur. Kyk asb waar kan jy help en skryf jou naam op!

- Ons benodig veral hulp gedurende die oggend in die restourant!
- Leen vir ons waaiers asb.
- Verder vra ons dat almal asb help met bemarking - “like” en “share” ons sosialemedia-advertensies en nooi nou reeds jou kollegas, vriende en familie!
  ***Neem asb Vensterplakkate in die voorportaal van die Skuur en sit dit by jou/vriende se besigheid op.***

**KERSBEDERF - HIER KAN JY OOK IETS DOEN VIR IEMAND ANDERS**

Ons gemeente se Susters gee jaarliks vir ongeveer 25 gesinne in ons gemeente 'n "Bederf-emmer" / "Bederf-boks" voor Kersfees om 'n lekker Kersete mee voor te berei.

Ons wil graag 'n beroep op kleingroepe en indiwiduele huisgesinne doen om saam te span en items vir so 'n boks/emmer te skenk om sodoende die las bietjie ligter te maak. Vir een so 'n boks/emmer benodig ons die volgende nie-bederfbare items:

- Pasta
- Mayonaise
- Ingemaakte slaaie
- Jellie en Vla
- Aanmaak-koeldrank
- Koekies of ander lekkernye
- Kitspoeding / kitskoek

Ander items wat 'n Kersfees-ete vir 'n gesin spesiaal sal maak is ook natuurlik welkom - hierdie is maar net 'n riglyn.

Baie dankie dat ons u kan vra om dit met groepbediening / huisbesoeke aan julle groep voor te lê. Laat weet gerus vir Hestie (072 383 9510) of tannie Anna (082 765 9813) indien julle kleingroep / huisgesin hieraan sal deelneem.

**KERSSANGDIENS: 26 NOVEMBER 2023**

Die Bult-gemeente nooi ons graag uit na die Gesamentlike Kerssangdiens, op Sondag 26 Nov om 18:00, by GK Die Bult. (Let wel: die datum het verskuif van 19 Nov na 26 Nov.)

**KENNISGEWINGBORD**

- President Kruger Kinderhuis soek vakansie-ouers
- Dame opsoek na werk.
- Cachet 2024 Eerstejaarskamp

**GEMEENTEKAMP**




**GKSA-NUUS**

*Beroepe ontvang*

- Ds TF (Thomas) Dreyer van GK Randburg na Cross Culture Church.
- Dr JA (Jannie) Erasmus van GK Odendaalsrus na GK Middelburg. (Mphumalanga)
- Ds FG (Hardus) Lee van GK Derdepoort na GK Pretoria-Alkantrant.
- Ds CB (Brahm) Robinson van GK Cachet na GK Bellville-Oos as medeleraar.

*Beroepe aanvaar*

- Ds TF (Thomas) Dreyer van GK Randburg na Cross Culture Church
- Ds GD (Orrie) Oosthuizen van GK Vaalharts na die Zion Reformed Church (RCUS) in Menno, Suid-Dakota, VSA.

*Kennisgewing aan die kerkverband*

Dit is met groot hartseer en deernis dat ons die volgende kennisgewing aan die kerkverband stuur:

1. Die kerkraad het met advies van Klassis Etosha op 7 Oktober 2023 besluit om Prop Quintin Venter los te maak van sy beroep na GK Biermanskool.

2. Die redes vir hierdie moeilike besluit is die volgende

2.1 Prop Venter sal weens sy huidige mediese toestand nie 'n werkspermit van die Namibiese regering kan kry nie.

2.2 Geen mediese skema in Namibie sal hom op hierdie stadium as lid aanvaar nie.

2.3 Daar is nie genoegsame mediese versorging in Namibie vir sy siekte nie en die afstande is net te groot.

Ons bid vir Prop Quintin en sy vrou Ammie die seën van die Here toe met die pad van herstel. Mag die Almagtige God volkome genesing en berusting aan hulle skenk.

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Annarie Oelofse en groep 33.

## BLIKKIES-WARMHARTE & SUSTERSBYDRAE

- Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.
- Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## NAGMAALETE: SONDAG 12 NOVEMBER




Nicolette Visser en die susters van Blok D nooi almal na 'n:

***TRADISIONELE KERSETE***

*Gammon, Beef Roast en Hoender*
*Mengel-, Aartappel- en Wortelslaai*
*&*
*Roomys en Sjokeladesous*

*R45 p/persoon*

SKRYF JOU NAAM OP DIE LYS IN DIE VOORPORTAAL VAN DIE SKUUR ASB!



# Oosdoppertjie-Jeugbediening

### 1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.
Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal ‘n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

### 2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.
Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 083 655 8145)

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

| Geref. Kerk Potchefstroom-Oos | Diakonie | Susters |
|---|---|---|
| ABSA Bank | ABSA Bank | Capitec Bank |
| Tjekrek: 670 340 066 | Tjekrek: 670 280 160 | Spaarrek: 145 652 5695 |
| Takkode: 632-005 | Takkode: 632-005 | Takkode: 470-010 |